



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om 'n beleid te formuleer wat bepalings neerlê oor die gebruik en lisensiëring van handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	2016/09/26
Implementeringsdatum:	2016/10/01
Datum van volgende Hersiening:	Elke vyf jaar na die inwerkingstellingsdatum, of korter, indien omstandighede dit sou genoodsaak
Datum(s) van vorige Hersienings:	Nuwe beleid
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Senior Direkteur: Innovasie & Besigheidsontwikkeling
Sleutelwoorde:	Handelsmerk, handelsmerkgebruik, lisensiëring, korporatiewe identiteit, reputasie, naamwaarde, intellektuele eiendom, handelsnaam
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



Inhoudsopgawe

Die Kern van die Beleid	iv
1. Inleiding.....	1
2. Inwerkingstelling van die beleid	2
3. Woordomskrywing.....	3
4. Doelwitte van die beleid	5
5. Beleidsbeginsels.....	6
6. Beleidsbepalings	6
6.1 Eienaarskap van die handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch	6
6.2 Handelsmerke wat onder hierdie beleid resorteer	6
6.3 Toepassingsbestek	7
6.4 Handelsmerkgebruik.....	7
6.4.1 <i>Geen wysigings.....</i>	<i>7</i>
6.4.2 <i>Goedkeuring.....</i>	<i>8</i>
6.4.3 <i>Gesamentlike handelsmerkgebruik</i>	<i>8</i>
6.4.4 <i>Onderskrywings.....</i>	<i>8</i>
6.4.5 <i>Nie-diskriminasie.....</i>	<i>8</i>
6.4.6 <i>Titelsimbole.....</i>	<i>9</i>
6.4.7 <i>Gebruik van handelsmerke op goedere of in verband met die lewering van dienste.....</i>	<i>9</i>
6.4.8 <i>Beperkings van toepassing op kunswerke en ontwerpe</i>	<i>10</i>
6.4.9 <i>Gepaste handelsmerkgebruik</i>	<i>11</i>
6.5 Gebruik van handelsmerke in verband met wyn en wynverwante produkte	11
6.6 Lisensiëring.....	11
6.6.1 <i>Inleiding.....</i>	<i>11</i>
6.6.2 <i>Lisensie 'n vereiste vir alle kommersiële gebruike van US-handelsmerke</i>	<i>12</i>
6.6.3 <i>Nie-kommersiële gebruike wat voorafgoedkeuring vereis</i>	<i>12</i>
6.6.4 <i>Lisensiëringsprosedure.....</i>	<i>12</i>
6.6.5 <i>Lisensiëringsooreenkoms</i>	<i>13</i>
6.6.6 <i>Maatskaplike en omgewingsverantwoordelikheid.....</i>	<i>13</i>



7. Interne gebruik	13
7.1 Wat as interne gebruik beskou word	13
7.2 Gebruik van US-handelsmerke vir interne doeleindes	14
7.3 Interne gebruik deur studente- en sportverwante organisasies	14
7.4 Gebruik van US-handelsmerke in e-poshandtekeninge	14
8. Bestuur van die beleid	15
8.1 Rolle.....	15
8.2 Optrede in die geval van nie-voldoening.....	15
9. Hersiening	15
10. Stawende dokumente	16
11. Verbandhoudende dokumente	16
Bylae A: Lisensiëringsprosedure	17
Bylae B: Lisensieaansoekvorm	18



Die Kern van die Beleid

Die Beleid insake die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch beoog om die gebruik van die US se handelsmerke te bevorder en uit te bou. Dít sal bereik word deur aktiewe bewusmaking van die Universiteit se handelsmerke en die korrekte gebruik en waarde daarvan, asook die daarstelling van meganismes en standaardprosesse om die kommersialisering van US-handelsmerke aan te moedig.

Om die US se handelsmerke as unieke identifiseerders van die Universiteit te behou, moet die US die gebruik van hierdie merke beskerm, beheer en monitor. Daarom is die hoofdoel van hierdie beleid om 'n enkele strategie vir die beskerming en gebruik van US-handelsmerke voor te skryf. Die beleid bied riglyne vir die gebruik van hierdie merke, wat op sy beurt die monitering van handelsmerkgebruik sal rig.

Daarbenewens sal die beskerming van die US se handelsmerke:

1. die Universiteit se naam, beeld en reputasie beskerm, en verseker dat die gebruik van die naam deur alle partye met die Universiteit se standarde van uitnemendheid en gehalte strook;
2. die Universiteit se naam, beeld en reputasie op 'n konsekwente en eenvormige manier bevorder en beskerm in pas met die handelsnaam van die Universiteit;
3. behoorlike beheer verseker oor die gebruik van die handelsmerke wat met die Universiteit verbind word, en beperkinge op die gebruik daarvan bepaal; en
4. misleidende of onakkurate voorstellings van die Universiteit se verbintenis met ander of met aktiwiteite voorkom, en verhoed dat ander die Universiteit se naamwaarde misbruik.



1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (hierna 'US') is internasionaal bekend vir uitnemendheid op die gebied van navorsing en ontwikkeling sowel as hoë onderrigstandaarde. Die US geniet erkenning as 'n toonaangewende sentrum van tersiêre onderrig wat plaaslike sowel as internasionale studente en navorsers lok. Hierdie reputasie, wat ook met die visuele aspekte van die US se naam en handelsmerk verbind word, is een van die US se waardevolste bates en vereis dus omsigtige ontwikkeling, bestuur en beskerming.

Die US se identifikasie elemente is veronderstel om sy naam, goedere en dienste van dié van ander verskaffers van tersiêre onderrig te onderskei, en dien as kitsidentifiseerders van die uitnemendheid en gehalte van die instelling. Synde identifiseerders van die US se goedere en dienste, is die merke uiteraard belangrike bates wat, indien dit behoorlik gebruik en bestuur word, die US 'n konsekwente voorkoms gee, wat noodsaaklik is vir herkenning deur die publiek. Hierdie voorkoms word met die US en die gehalte en uitnemendheid van sy goedere en dienste -verbind.

Die US besit en beheer sy naam en ander merke wat met die instelling geassosieer word. Die Universiteit Stellenbosch-naam en verbandhoudende seëls, merke en simbole word allerweë herken. Dit verteenwoordig die statuur van die US se personeellede en studente, en versinnebeeld die gehalte en omvang van die US se prestasies. Sowel akademiese as administratiewe personeel en studente van die US deel almal in die voordele wat met die instelling se naam en merke gepaardgaan, en deel dus ook die verantwoordelikhede wat met die gebruik daarvan verband hou.

Hierdie beleid oor handelsmerkgebruik en -lisensiëring is opgestel om die integriteit van die US se handelsmerke te beskerm, en te verseker dat sodanige merke slegs op 'n gepaste wyse gebruik word. Die lisensiëringsbepalings van hierdie beleid sal die beeld van die Universiteit versterk deur slegs toestemming te verleen vir die gebruik van sy merke op handelsware



en kledingstukke wat getuig van smaak en goeie gehalte, en deur te verseker dat elke gelisensieerde gebruik die US in 'n gunstige lig stel en inkomste vir die instelling skep.

Die Universiteit se handelsmerk word ook verbind met uitnemende akademiese produkte, waaronder die US se kortkursusse, akademiese programme en kwalifikasies.

Om ál hierdie redes is dit belangrik vir die US dat sy personeellede, studente, belanghebbendes, rolspelers en die groter gemeenskap in die geheel beseft hoe noodsaaklik dit is om hierdie handelsmerke te monitor en te beskerm, en om kundigheid en vaardigheid te toon in die beskerming daarvan. Die doel van hierdie beleid is dus om hierdie groepe van inligting en leiding oor die gebruik en lisensiëring van US-handelsmerke te voorsien.

2. Inwerkingstelling van die beleid

Die Beleid insake die Ontginning van Intellektuele Eiendom bepaal in paragraaf 2.5, wat oor handelsmerke handel, onder meer dat die US die reg behou “om sy naam of geregistreerde handelsmerke aan kommersiële vennote te lisensieer”. Hierdie beleid is opgestel om dié bepaling ten uitvoer te bring.

Die verantwoordelikheid om die gebruik van die US se handelsmerke te bepaal, goedkeuring vir die gebruik van sy handelsmerke te verleen, en lisensieaansoeke te verwerk en goed te keur, is gedelegeer aan Innovus, die afdeling verantwoordelik vir die beskerming en bestuur van die US se intellektuele-eiendomsportefeulje. 'n Handelsmerk Kantoor sal binne Innovus gevestig word om die daaglikse werksaamhede met betrekking tot die inwerkingstelling van die beleid te behartig.

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie vervul ook 'n uiters belangrike rol in die inwerkingstelling van die beleid en sal dus in hierdie verband ten nouste met Innovus en ander rolspelers en belanghebbers saamwerk.



Die reëls en riglyne van hierdie beleid moet gelees word in oorleg met die US Korporatiewe Identiteitsgids (wat deur die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie onderhou en bestuur word), wat op die webtuiste van die Universiteit Stellenbosch beskikbaar is.

3. Woordoms krywing

Artistieke werke	Skilderye, beeldhouwerke, sketse, graveerwerk, foto's, argitektoniese werke, wat hetsy geboue of geboumodelle kan wees, of ander vakmanswerk, ongeag die artistieke gehalte daarvan.
Goedere	Sluit handels- en ander ware, voorraad, kommoditeite, produkte, artikels, invoere en uitvoere in.
Handelsmerk	'n Handelsmerk is 'n vorm van intellektuele eiendom wat beskerming kan geniet. In die algemeen, 'n merk is wat 'n persoon in verband met goedere of dienste gebruik of van voornemens is om te gebruik ten einde sodanige goedere of dienste, in die loop van handel met enige ander persoon, van ander, soortgelyke goedere of dienste te onderskei. 'n Handelsmerk word deur die volgende simbole aangewys: <ul style="list-style-type: none">• TM - gebruik vir ongeregisteerde handelsmerke om aan moontlike oortreders te verklaar dat 'n naam, slagspreuk, logo of ander merk 'n handelsmerk is• ® - vir geregisteerde handelsmerke
Innovus	Die Universiteit se bedryfsinteraksie- en -innovasie entiteit. Innovus is aangewys as die tegnologieoordragkantoor van die US in pas met artikel 6 van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008.



Intellektuele eiendom of IE	Behels registreerbare én nie-registreerbare uitvindings, kundigheid, handelsmerke, handelsgeheime, kopiereg, ontwerpe en plantkwekersregte wat deur die intellektuele werk, insig, verbeelding, kennis en kreatiwiteit van mense tot stand kom.
Intellektuele eiendomsregte of IER'e	Het betrekking op IE ingevolge die omskrywing hierbo, waarvan die eksklusiewe eiendomsreg sowel as die gepaardgaande regte en verantwoordelikhede volgens wet aan 'n natuurlike of regs persoon (maatskappy, trust, instelling) behoort.
Literêre werke	Romans, verhale en poëtiese werke, dramatiese werke, teateraanwysings, kinematografiese verfilmingsscenario's en tekste vir uitsendings, handboeke, verhandelinge, geskiedskrywing, biografieë, opstelle en artikels, ensiklopedieë en woordeboeke, briewe, verslae en memorandum, lesings, toesprake en leerredes, sowel as tabelle en kompilasies, onder meer tabelle en kompilasies van data wat op 'n rekenaar gehou of getoon word, of op 'n medium wat saam met 'n rekenaar gebruik word, ongeag die literêre gehalte daarvan of die vorm waarin dit bestaan.
Merk	Enige teken wat grafies voorgestel kan word, onder meer 'n toestel, naam, handtekening, woord, letter, syfer, vorm, konfigurasie, patroon, versiering, kleur of goederehouer, of enige kombinasie van die voormelde.
Ongeregistreerde handelsmerk	'n Gemeenregtelike handelsmerk wat nie formeel ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing geregistreer is nie.
US	Die akroniem US sluit in alle professioneledienstedepartemente, afdelings, fakulteite, instellings, buro's, eenhede, sentrums, afwentelmaatskappye, geaffilieerde organisasies en organisasies wat formeel by die Universiteit Stellenbosch geregistreer is.



Handelsmerk vs “Brand”	Alhoewel die twee terme dikwels op dieselfde wyse gebruik word, is dit belangrik om daarop te let dat ‘n handelsmerk deur ‘n handelsmerk- en patentekantoor toegestaan word, en ‘n wetlik merk is wat die eienaar daarvan beskerm teen die onwettige gebruik daarvan. ‘n “brand” is egter minder tasbaar en word oor tyd ontwikkel met ‘n konsekwente kwaliteit wat deur belanghebbendes waardeur word. Dit neem ook die beeld en reputasie van 'n instelling onder sy belanghebbendes in ag, asook hul gevoel van affiliasie met die instelling.
-------------------------------	---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

4. Doelwitte van die beleid

Die beleid het die volgende bepaalde doelwitte:

- a) Om die korrekte gebruik van die US se handelsmerke te verseker.
- b) Om onwettige of onvanpaste gebruik van die US se handelsmerke te voorkom.
- c) Om die Universiteit teen aanspreeklikheidsrisiko met betrekking tot die gebruik van sy handelsmerke te beskerm.
- d) Om die proses(se) vir die verlening van toestemming vir die regmatige interne en eksterne gebruik van die US se handelsmerke te bepaal.
- e) Om die individue aan te wys wat gemagtig is om die gebruik van die US se handelsmerke goed te keur, en die prosedure vir die verkryging van sodanige goedkeuring te beskryf.
- f) Om te verseker dat geen goedere of dienste wat onder die US se handelsmerke voorsien word, die integriteit en reputasie van die Universiteit skaad nie.
- g) Om te verseker dat alle goedere of dienste wat onder die US se handelsmerke voorsien word, die naamwaarde van die Universiteit handhaaf en versterk sowel as groter bewustheid van die Universiteit bevorder en ondersteun.
- h) Om te verseker dat alle goedere of dienste wat onder die US se handelsmerke voorsien word, van ‘n hoë gehalte is en dat die handelsmerke slegs gebruik word in verband met goedere en dienste waarmee die Universiteit gekies het om hom



mee te verbind, en waarvoor die instelling gevolglik 'n mate van verantwoordelikheid aanvaar het.

- i) Om te verseker dat die Universiteit 'n geldige en toepaslike kommersiële waarde vir die gebruik van die handelsmerke bekom ten einde inkomste vir die Universiteit te verseker.
- j) Om die billike en gelyke behandeling van alle lisensiehouers te verseker.
- k) Om te verseker dat die US se handelsmerke nie op enige manier verwater, verswak of geskend word nie.

5. Beleidsbeginsels

Hierdie beleid erken die waarde en integriteit van die US-handelsnaam. In pas met die waardes van die US, naamlik Uitnemendheid, Mede-aanspreeklikheid, Empatie, Innovasie en Diensbare Leierskap, mag die US se naam en handelsmerke nie verwater word nie.

6. Beleidsbepalings

6.1 Eienaarskap van die handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch

Die US is die eienaar van alle regte op, titels van én belange by 'n aantal geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke in Suid-Afrika wat verteenwoordigend is van én verbind word met die Universiteit. Hierdie handelsmerke is die alleeneiendom van die US, en die Universiteit het die eksklusiewe reg om enige van sy merke aan enige ander persoon of entiteit toe te ken, te lisensieer of oor te dra.

Die US behou alle regte met betrekking tot ál sodanige handelsmerke ingevolge die bepalinge van die reg.

6.2 Handelsmerke wat onder hierdie beleid ressorteer

Die handelsmerke wat onder hierdie beleid ressorteer, sluit in alle handelsmerke waarom aansoek gedoen word en/of wat geregistreer is in die naam van die Universiteit Stellenbosch ingevolge Suid-Afrikaanse nasionale wetgewing en ongeregistreerde handelsmerke word ook



hierby ingesluit. Hierdie handelsmerke sluit onder meer in die naam, wapen en korporatiewe logo van die US sowel as die Maties-logo.

Hierdie beleid sluit ook alle ander tekens en aanwysers in wat die Universiteit gebruik en wat op 'n verbintenis of verband met die goedere of dienste van die US dui, wat onder meer insluit die woorde 'Matie', 'Matieland' en 'Coetzenburg' sowel as die korporatiewe en fakulteitskleure, embleme, name en logo's wat deur verskillende US- entiteite ontwikkel is of ontwikkel sal word.

6.3 Toepassingsbestek

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeellede, studente, nadoktorale navorsers, besoekende dosente, akademiese departemente, *ad hoc*-groepe, professionele steundiensafdelings of -departemente, alumni-organisasies, studenteorganisasies en sportspanne van die US.

Die beleid is van toepassing op die gebruik van die US se handelsmerke in enige medium of vorm, wat onder meer insluit gebruik in literêre werke (hetsy gedruk of elektronies), insluiting by artistieke werke (gedruk of elektronies), gebruik op of in noue verband met goedere, gebruik in verband met dienste, insluiting by die naam van groepe of organisasies, en insluiting by webtuistes en domeinname.

6.4 Handelsmerkgebruik

Alle gebruike van US-handelsmerke moet voldoen aan die standaard wat in die bepaling hieronder uiteengesit word.

6.4.1 Geen wysigings

Alle gebruike van US-handelsmerke moet voldoen aan die Universiteit se ontwerpstandaarde, wat omvattend uiteengesit word in die US Korporatiewe Identiteitsgids. Universiteitsmerke mag nie enigsins sonder die vooraf- skriftelike goedkeuring van die Bedryfshoof van die US of sy gedelegeerde gemagtigde aangepas word nie.



6.4.2 Goedkeuring

Alle gebruike van US-handelsmerke vir kommersiële doeleindes vereis vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus, as gedelegerde gemagtigde van die Bedryfshoof van die US. Daarbenewens vereis sekere nie-kommersiële gebruike ook vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus ooreenkomstig die bepalings hieronder. Goedkeuring vir eenmalige gebruik of vir gebruik in verband met bepaalde goedere of dienste geld nie as goedkeuring om 'n handelsmerk weer of in verband met die voorsiening van enige ander goedere of dienste te gebruik nie.

6.4.3 Gesamentlike handelsmerkgebruik

US-handelsmerke mag nie saam met die naam of handelsmerke van enige ander entiteit gebruik word sonder die vooraf- skriftelike toestemming van Innovus en sodanige ander entiteit nie. Indien toestemming verleen word om 'n US-handelsmerk saam met 'n ander entiteit se handelsmerk te gebruik, moet die merke duidelik van mekaar onderskei en geskei word, en mag die US-handelsmerk nie enigsins oorskadu of verswak word vergeleke met die ander entiteit se handelsmerk nie. Die US behou die reg om sodanige verdere voorwaardes en/of beperkinge op te lê as wat in elke geval toepaslik blyk te wees.

6.4.4 Onderskrywings

US-handelsmerke mag nie sonder die vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus op enige wyse gebruik word wat te kenne gee of impliseer dat die Universiteit enige ander organisasie, beweging, maatskappy, produk, diens, politieke party of siening, godsdienstige organisasie of oortuiging onderskryf nie. Enige versoek vir sodanige toestemming moet redes verstrek vir die gebruik van US-handelsmerke tesame met sodanige implikasie of verbintenis.

6.4.5 Nie-diskriminasie

US-handelsmerke mag nie gebruik word op enige manier wat diskrimineer of diskriminasie impliseer teen enige persoon of groep op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom,



gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte, of op enige ander wyse wat op 'n skending van die Universiteit se beleide en praktyke teen diskriminasie neerkom nie.

6.4.6 Titelsimbole

Alle gebruike van die US se geregistreerde handelsmerke sal, so ver dit prakties moontlik is, die “geregistreer”-simbool[®] insluit. Alle ander merke en slagspreuke sal, so ver dit prakties moontlik is, die gebruik van “™” insluit.

6.4.7 Gebruik van handelsmerke op goedere of in verband met die lewering van dienste

US-handelsmerke is veronderstel om 'n positiewe beeld van die Universiteit uit te dra. Die finale beslissing oor of die voorgename gebruik van enige US-handelsmerk 'n positiewe beeld van die Universiteit uitdra, word oorgelaat aan die oordeel van die Bedryfshoof van die US.

Goedkeuring vir die gebruik van US-handelsmerke op of in verband met sekere tipes goedere of in verband met die lewering van sekere tipes dienste sal, onderworpe aan sekere beperkte uitsonderings,¹ nie verleen word nie. Dit sluit onder meer die volgende in:

- Alkoholiese drank, onder meer bier, wyn en sterk drank, of dienste in verband met hierdie goedere
- Inherent gevaarlike produkte, onder meer vuurwapens, plofstof en brandstof, of dienste in verband met hierdie goedere
- Tabakverwante produkte of dienste
- Produkte of dienste wat met onwettige middels verband hou
- Onweloweglike of verkleinerende produkte of dienste, wat onder meer insluit naakfoto's, karikature, plakkaatkuns of ontwerpe wat geneig is om skade aan te rig

¹ Raadpleeg asseblief in hierdie verband die bepalings oor alkoholiese produkte in paragraaf 6.5.



aan die reputasie óf afbreuk te doen aan die naamwaarde van die Universiteit soos dit deur sy handelsmerke voorgestel word

- Seksueel gewaagde produkte of dienste
- Produkte of dienste wat 'n onaanvaarbare aanspreeklikheidsrisiko inhou
- Produkte of dienste wat skadelik is vir die missie of beeld van die instelling, of wat die instelling se naamwaarde skend of ondermyn

6.4.8 Beperkings van toepassing op kunswerke en ontwerpe

Onderworpe aan sekere beperkte uitsonderings,² sal sekere kunswerke of ontwerpe nie goedgekeur word vir gebruik in samehang met US-handelsmerke nie. Dit sluit onder meer die volgende in:

- Kuns wat die gebruik of onderskrywing van alkohol uitbeeld
- Kuns wat die gebruik of onderskrywing van onwettige middels uitbeeld
- Kuns wat die gebruik of onderskrywing van tabakprodukte uitbeeld
- Kuns wat die gebruik of onderskrywing van vuurwapens of enige ander wapens uitbeeld
- Kuns wat die gebruik of onderskrywing van rassistiese, seksistiese, haatdraende, vernederende of verkleinerende taal of stellings uitbeeld
- Kuns wat godslastering uitbeeld
- Kuns wat dobbelary uitbeeld
- Kuns wat seksuele daade uitbeeld
- Kuns wat stellings uitbeeld wat die eer van die US of enige ander universiteit op enige manier aantast
- Kuns of ontwerpe wat IE insluit wat nie aan die US behoort nie, tensy skriftelike toestemming vir sodanige gebruik van die IER-eienaar ontvang is

² Raadpleeg asseblief in hierdie verband die bepalings oor alkoholiese produkte in paragraaf 6.5.



6.4.9 Gepaste handelsmerkgebruik

Die US behou die reg om enige gebruik van sy handelsmerke af te keur, selfs indien sodanige gebruik nie uitdruklik deur hierdie beleid verbied word nie.

6.5 Gebruik van handelsmerke in verband met wyn en wynverwante produkte

Die Stellenbosch-wynlandstreek het 'n ryke kulturele en ekonomiese erfenis, en is die voorste sentrum vir wingerd- en wynboukundige navorsing in Suid-Afrika.

Die US het 'n erkende geskiedenis van studie op die gebied van wingerd- en wynboukunde, en het noue bande met die Suid-Afrikaanse druiwe- en wynbedryf. Om hierdie rede word spesiale voorsiening gemaak vir die gebruik van US-handelsmerke in verband met wynprodukte.

Gebruik van die handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch in verband met wyn en wynverwante artikels sal slegs goedgekeur word indien die gebruik van die merke op 'n heilsame en smaakvolle manier geskied wat nie die reputasie en naamwaarde van die Universiteit skend of ondermyn nie.

6.6 Lisensiëring

6.6.1 Inleiding

Die Bedryfshoof van die US is verantwoordelik om die interne sowel as eksterne gebruik van US-handelsmerke te bepaal en die administrasie en bestuur van alle handelsmerklisensiëringsooreenkomste te behartig. Die verantwoordelikheid om lisensieaansoeke te onderhandel en te verwerk en om goedkeuring vir die gebruik van US-handelsmerke te verleen, is deur die Bedryfshoof aan Innovus gedelegeer.

Enige entiteit wat US-handelsmerke op of in verband met produkte of vir die lewering van dienste wil gebruik, moet ingevolge die bepalings van hierdie beleid vir sodanige doel deur



Innovus gelisensieer wees. Alle lisensieaansoeke is onderworpe aan die goedkeuring van Innovus.

Die volgende riglyne bied spesifieke inligting oor die prosedures vir die lisensiëring van US-handelsmerke.

6.6.2 Lisensie 'n vereiste vir alle kommersiële gebruike van US-handelsmerke

Alle entiteite wat voornemens is om US-merke hetsy intern of ekstern in verband met die kommersiële verkoop of herverkoop van goedere of die kommersiële lewering van dienste te gebruik, moet daarvoor gelisensieer wees. 'n Skriftelike lisensiëringsooreenkoms van Innovus word vereis, ongeag of die kommersiële gebruik deurlopend sal wees of met 'n eenmalige geleentheid verband hou.

6.6.3 Nie-kommersiële gebruike wat voorafgoedkeuring vereis

Die meeste nie-kommersiële gebruike van US-merke deur entiteite van die Universiteit hoef nie 'n lisensie of voorafgoedkeuring te verkry nie. Die bepalings vir interne gebruik hieronder is van toepassing in hierdie verband.

Alle eksterne gebruike van US-merke deur entiteite buite die Universiteit vereis voorafgoedkeuring, selfs indien die voorgestelde gebruik vir 'n nie-kommersiële doel is. Eksterne entiteite moet die toepaslike aansoekvorm om goedkeuring vir die nie-kommersiële gebruik van US-merke by Innovus indien.

6.6.4 Lisensiëringsprosedure

Die prosedure vir die verkryging van 'n lisensie van die US word vervat in **Bylae A** by hierdie beleid. Op sy beurt verskyn die toepaslike aansoekvorm om lisensiëring in **Bylae B** by hierdie beleid.



6.6.5 Lisensiëringsooreenkoms

Aansoekers wie se lisensieaansoek goedgekeur word, sal 'n skriftelike handelsmerk lisensiëringsooreenkoms met die US moet aangaan. Sodanige ooreenkoms sal onder meer bepalings neêrê oor die aanwysing en verlening van die lisensie, die gelisensieerde handelsmerke en die goedere of dienste in verband waarmee die lisensie verleen word, die duur van die lisensiereëling, reg op intellektuele eiendom, die lisensievoorwaardes, bepalings oor fooie en betaling, gehaltebeheer en

-standaarde, die aanwysing en hantering van sublisensies, beëindiging van die lisensie, aanspreeklikheid van partye, rekeningkundige dokumente en belastings, vertroulikheid, skending, risiko, kontrakbreuk sowel as bepalings oor kennisgewings en domisilieë.

6.6.6 Maatskaplike en omgewingsverantwoordelikheid

Die Universiteit Stellenbosch is daartoe verbind om op 'n maatskaplik en omgewingsverantwoordelike en etiese manier sake te doen. As sodanig mag geen produk waarop US-handelsmerke verskyn in onregmatige of onbillike arbeidsomstandighede vervaardig word, of op 'n wyse wat skadelik is vir die omgewing nie. Die US vereis dat al sy lisensiehouers in hulle aansoek om lisensiëringsgoedkeuring die name en liggings bekend maak van alle vervaardigers van handelsware waarop US-handelsmerke verskyn.

7. Interne gebruik

7.1 Wat as interne gebruik beskou word

Interne gebruik is gebruik deur entiteite van die Universiteit, waaronder fakulteite, departemente, eenhede sowel as studente-, alumni- en sportorganisasies wat amptelik deur die Universiteit erken word, in die loop van hulle gewone Universiteitsake. Voorbeelde van interne gebruik sluit onder meer in die gebruik van handelsmerke op skryfbehoeftes, visitekaartjies, amptelike publikasies, plakkate, baniere, promosiemateriaal of akademiese programme, en sluit ook elektroniese media in.



7.2 Gebruik van US-handelsmerke vir interne doeleindes

Enteite van die Universiteit mag die US-handelsmerke vir die interne doeleindes hierbo gebruik sonder om vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus te verkry. Sodanige gebruik word toegelaat met dien verstande dat US-merke geensins gewysig word nie en streng ooreenkomstig die Korporatiewe Identiteitsgids gebruik en toegepas word.

Enteite van die Universiteit mag US-handelsmerke op alle interne verbruiksitems gebruik sonder om vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus te verkry. Interne verbruiksitems is items waarop US-handelsmerke verskyn, maar wat andersins noodsaaklik is in die werkplek en deur enige enteite van die Universiteit in die gewone loop van sake gebruik word. Voorbeelde van interne verbruiksitems sluit ook in (buiten die items waarna daar in Klousule 7.1 van hierdie dokument verwys word) advertensies vir departementele dienste, toerusting en voorraad, en enige kledingstukke wat werknemers moet dra.

7.3 Interne gebruik deur studente- en sportverwante organisasies

'n Geregistreerde studenteorganisasie of sportklub mag US-handelsmerke in hulle name, titels, publikasies en briefhoofde gebruik op 'n wyse wat billik is en met die toepaslike reëls van sodanige organisasies of klubs strook. Gebruik van US- handelsmerke deur studente- en sportverwante groepe of organisasies mag nie sodanige handelsmerke so uitbeeld dat dit skadelik is vir of neerkom op skending van die reputasie van die Universiteit nie.

7.4 Gebruik van US-handelsmerke in e-poshandtekeninge

Alle gebruike van US-handelsmerke in e-poshandtekeninge deur personeellede en studente van die Universiteit moet voldoen aan die ontwerpstandaarde wat in die Korporatiewe Identiteitsgids of die tersaaklike fakulteitsriglyne uiteengesit word. E- poshandtekeninge waarin US-handelsmerke verskyn, mag geensins sonder die vooraf- skriftelike goedkeuring van Innovus gewysig word nie.



8. Bestuur van die beleid

Innovus beskerm die US-handelsmerke en sal misbruikers van die handelsmerke ingevolge die bepalings van die reg vervolg.

8.1 Rolle

- 8.1.1 Die beskermheer van die beleid is verantwoordelik vir die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie en monitor van die beleid.
- 8.1.2 Innovus het 'n gedelegeerde verantwoordelikheid ten opsigte van toepassing en algemene bestuur van die beleid.
- 8.1.3 Afdeling Korporatiewe Kommunikasie is verantwoordelik vir die ontwikkeling, kontrolering en inwerkingstelling van die US Korporatiewe Identiteitsgids en vir die bestuur van die US se handelsnaam ("brand").

8.2 Optrede in die geval van nie-voldoening

- 8.2.1 Enige oortreding van óf nie-voldoening aan die beleid behoort by die beleidseienaar asook die Risikobestuurskomitee aangemeld te word.
- 8.1.2 Enige gevalle van nie-voldoening aan die beleid ondanks behoorlike advies deur die beleidseienaar word deur die gewone lynbestuur ingevolge die dissiplinêre beleid en prosedures van die Universiteit gehanteer.

9. Hersiening

Hierdie beleid word elke vyf jaar hersien, of korter, indien omstandighede dit sou genoodsaak.



10. Stawende dokumente

Die Beleid insake die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch word deur die volgende bylaes ondersteun:

Bylae A	Prosedure vir die verkryging van 'n lisensie
Bylae B	Standaardlisensieaansoekvorm

11. Verbandhoudende dokumente

Tersaaklike verbandhoudende dokumente sluit die volgende in:

Itemnr	Naam	Status	Eienaar
	Beleid insake die Ontginning van Intellektuele Eiendom		
	Universiteit Stellenbosch Korporatiewe Identiteitsgids		



BYLAE A: LISENSIËRINGSPROSEDURE

- 1) Die US, deur die kantoor van Innovus, bied lisensies aan alle geskikte entiteite wat belang stel in die verkryging van 'n lisensie vir die gebruik van US-handelsmerke. Synde die finale besluitnemer oor alle lisensieaansoeke, behou die US die reg om 'n aansoek om die gebruik van US-handelsmerke goed of af te keur.
- 2) Die amptelike aansoekvorms om lisensiëringsgoedkeuring is beskikbaar as bylaes by hierdie beleid sowel as op die amptelike Innovus-webtuiste.
- 3) Voornemende lisensiehouers (hierna "aansoekers") moet die toepaslike aansoekvorm saam met alle vereiste inligting wat die vorm voorskryf by Innovus indien ter ondersteuning van die besluitnemingsproses. Aansoeke moet vergesel word van voorbeelde van handelsware vir die goedkeuring van produksiegehalte. Innovus behou die reg om alle aansoekers te kontak om verdere duidelikheid ten opsigte van antwoorde op die aansoekvorms te bekom.
- 4) Innovus sal alle aansoeke beoordeel om te bepaal of die aansoeker oor die vermoë beskik om aan die lisensievoorwaardes te voldoen, of die goedere of dienste gepas is, en of die produk of diens enige aanspreeklikheidsrisiko's inhou.
- 5) Daarna sal Innovus die aansoeker van die goedkeuring of afkeuring van die aansoek in kennis stel.
- 6) Indien die aansoeker se lisensieaansoek goedgekeur word, sal die aansoeker in kennis gestel en van die toepaslike lisensiëringssooreenkoms voorsien word.
- 7) Indien die lisensiehouer gedurende die lisensietermyn voornemens is om die US se handelsmerke op 'n ander manier as die gelisensieerde wyse te gebruik, moet die lisensiehouer eers goedkeuring daarvoor versoek en verkry. Voorbeelde van verandering in gebruik sluit in veranderinge aan die goedgekeurde ontwerp, die insluiting van bykomende merke, of gebruik op bykomende produkte.



BYLAE B: LISENSIEAANSOEVORM

Dankie vir u belangstelling in die lisensiëring van US-handelsmerke. Die doel van hierdie aansoekvorm is om volledige inligting te bekom oor uself/u maatskappy en die produk(te) wat u ingevolge die lisensie wil vervaardig, sodat die US kan bepaal of dit in die Universiteit se belang sal wees om 'n lisensie aan u maatskappy toe te staan. Dit is belangrik dat u deeglike en akkurate inligting voorsien. Let daarop dat hierdie dokument slegs 'n aansoekvorm is en nie aan die aansoeker toestemming verleen om enige handelsware waarop die identifikasiemerkers van die US verskyn te vervaardig, te bevorder of te versprei nie.

INLIGTING VAN AANSOEKER

Tipe organisasie:

- Korporasie Vennootskap Eenpersoonsaak Beslote
 korporasie Natuurlike persoon Ander: _____

Naam:	
Adres:	
Land:	
Poskode:	
Telefoonnr:	
Faksnr:	
Webtuiste:	

Naam van beheermaatskappy (indien aansoeker 'n filiaalmaatskappy is):

Kontakpersone	Naam	E-posadres
Hoofkontakpersoon:		
Finansies:		
Produkontwikkeling:		
Verkope:		



Maatskappyfunksie:

- Vervaardiging Verspreiding Reklame Kuns/handwerk

Belastingnommer: _____

REGS- EN VERSEKERINGSEISE

Is enige eise vir die skending van handelsmerke, kopieregte, patentregte of ander intellektuele eiendomsregte al voorheen teen hierdie maatskappy of verbandhoudende entiteite ingedien? Ja Nee

Indien wel, heg asseblief 'n aparte vel met volledige besonderhede aan.

Is enige eise vir produkaanspreeklikheid al voorheen teen hierdie maatskappy of verbandhoudende entiteite ingedien?

- Ja Nee

Indien wel, heg asseblief 'n aparte vel met volledige besonderhede aan.

LISENSIE-INLIGTING

Dui asseblief aan watter van die handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch u wil lisensieer:

Dui asseblief aan vir hoe lank u die lisensie vereis:



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

Dui asseblief die goedere en dienste aan waarop of in verband waarmee u die handelsmerk(e) van die Universiteit Stellenbosch wil gebruik:

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat ek hierdie aansoekvorm gelees het én verstaan, en dat alle inligting wat ek hierin verstrek na my beste wete akkuraat en volledig is. Ek verleen ook toestemming aan die Universiteit Stellenbosch om inligting oor die aansoekmaatskappy na te gaan, wat insluit om verslae van kredietwaardigheidsagentskappe aan te vra. Ek besef dat sodanige inligting gebruik kan word om hierdie aansoek te beoordeel.

Handtekening: _____

Naam: _____

Titel: _

Datum: _

DIEN VOLTOOIDE AANSOEKVORM IN BY:

Innovus
De Beerstraat 15
Stellenbosch
7600